Beste dominee en kerkraad

Vanaf Mei 2023 sal honderde gemeentes weer dwarsoor Suider-Afrika aan die CLS-SA opname deelneem.

Hierdie opname luister na die ervarings en menings van erediens-bywoners in die gemeente en gee ‘n prentjie van die gemeente se gesondheid en lewenskragtigheid.

**Wil julle dit nie oorweeg om deel te neem nie?**
**Julle deelname kan ‘n verskil maak.**

Hierdie is ‘n belegging in die toekoms van julle gemeente. Die resultate sal julle help om julle eie vitaliteit en sterkpunte te identifiseer. Dit gee vir julle die vermoë en prosesse om die resultate te evalueer en aan hand daarvan te beplan.

Die opname gee vir gemeentes betroubare data aan die hand waarvan julle kan nadink, beplan en optree.

Die gemeente se leierskap kry waardevolle terugvoer oor die effektiwiteit en volhoubaarheid van die totale gemeentelike bediening.

Ons hoop dat julle aan hierdie opname sal deelneem.

Kobus Schoeman
CLS-SA Koördineerder

**Wat is CLS-SA?**

Die *Church Life Survey-Southern Africa* (CLS-SA ) gee ‘n prentjie van gemeentes en hulle bediening dwarsoor Suider-Afrika. Dit vertel die stories van die positiewe bydrae wat gemeentes tot die plaaslike gemeenskap maak.

Die opname identifiseer nege kern-kwaliteite en sterkpunte van elke gemeente. Dit kan gebruik word in die groei van die gemeente en die ontwikkeling van die gawes van lidmate.

Gemeentes se leierskap verkry waardevolle terugvoer sodat hulle ingeligte besluite oor die toekoms kan maak.

In 2018 het meer as 10 000 erediens-bywoners van 104 gemeentes van meer as 10 denominasies aan die CLS-SA opname deelgeneem. Die verwagting is dat die 2023 opname van CLS-SA verder sal groei.

**Wat is die doel van die opname?**

Die doel is om gemeentes te help om hulle volle potensiaal te bereik, om gesond en lewenskragtig te funksioneer.

Die leidende visie van CLS is Jesus se woorde:" Ek het gekom dat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed" (Joh 10:10).

Die uitkomste van hierdie opname wil gemeentes help om te onderskei waarvoor die gemeente geroep word. Wat is die lewe in oorvloed wat God vir hierdie gemeente in die oog het?

**Hoe werk die opname in die gemeente?**
Die opname word tydens al die eredienste op 'n spesifieke Sondag in die gemeente gedoen. Almal 15 jaar en ouer vul die vraelys in. Dit neem ongeveer 15 tot 20 minute om in te vul. Die vraelys is in Afrikaans of Engels beskikbaar.

**Wat kos dit?**
Die gemeente bestel volgens die onderstaande kategorieë (erediens-bywoners 15 jaar en ouer):

150 vraelyste R1000
300 vraelyste R1300
450 vraelyste R1600
600 vraelyste R2000

(die koste vir meer as 600 is op aanvraag beskikbaar)

**Hoe word julle deel?**
Kontak Ester Steyn. Stuur 'n epos na cls-sa@ngkerk.org.za of bel haar by 0823254088.

**Wat kry elke gemeente?**

- Die "*Church Life Profile*" is die unieke verslag van die opname in die gemeente. Die resultate gee 'n duidelike evaluering van die gemeente se nege kern-kwaliteite. Dit sluit aanlyn-toegang in.
- *CLS-Workbook*" verduidelik die gemeente profiel en gee ook stap vir stap riglyne om die proses in die gemeente te fasiliteer ('n PowerPoint voorlegging wat die gemeente leierskap help om die proses in die gemeente te fasiliteer).
- "*Enriching Church Life Book*" wat die kern-kwaliteite bespreek en ook toegang tot die nasionale resultate van die CLS-SA resultate.
- Die "*Denominational Church life Profile*" is in sekere gevalle ook vir leiers van denominasies beskikbaar.